
# 36 Bring my verhale van Jesus




Laat my tog hoor van die kinders
wat by Hom kniel;
dan sal ek weet dat sy seën
rus op my siel.
Woorde so vriend'lik,
dade wat stig;
ook straal die liefde
van sy gesig.

Praat van die mossies wat rondvlieg,
deur Hom versorg;
en van die lelies op velde,
oor niks besorg.
Bring my hul boodskap
sodat ek weet
hoe Jesus my min
en nooit vergeet.

William H. Parker (1835-1929) F.A. Challinor (1866-1952)